# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

22 Augustus 2022

## OMSENDBRIEF 8/2022

## SINODE 2022 FINALE INLIGTING

**AAN ALLE AFGEVAARDIGDES**

Geagte broeders

Na vele voorbidding en baie reëlings is Sinode 2022 net om die draai en ons deel graag hierdie laaste reëlings met almal.

**1. Aankoms en toegang by die Voortrekkermonument**

1.1 Die Voortrekkermonument se hekke open 06:30 elke oggend. By die sekuriteitshek moet u meld dat u vir die sinode kom. Daar sal 'n parkeerkaartjie aan elke afgevaardigde en/of besoeker uitgereik word. Hierdie parkeerkaartjie moet tydens registrasie gestempel word.

1.2 Besoekers gedurende die week se parkeerkaartjies moet by die Voortrekkermonument se ontvangs gestempel word.

**2. Parkering**

2.1 Die parkeerarea reg voor die Voortrekkermonument word gebruik. Parkeer asseblief op gemerkte parkeerplekke.

2.2 Volg die plekwysers tot by die registrasiepunt wat op die stoep van die Uitspan Restaurant sal wees.

**3. Registrasie**

3.1 Registrasie geskied op 29 Augustus 2022 vanaf 09:00 en moet voor 11:00 afgehandel wees, sodat die sinode om 12:00 'n aanvang kan neem.

3.2 Registreer by die registrasiepunt volgens die letter waarmee u gemeente se naam begin.

3.3 Tydens registrasie moet die oorspronklike getekende geloofsbrief en u ID-dokument getoon word.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

3.4 U sal ’n naamkaartjie ontvang wat vir etes en verdere toegang gedurende die res van die week gebruik sal word.

3.5 Elke afgevaardigde ontvang ook tydens registrasie en drasak waarin al u sinodestukke geplaas kan word.

3.6 Die vergadering word in die Senotaafsaal gehou.

**4. Vevox-toepassing**

U word weereens daaraan herinner om die Vevox-toepassing op u selfoon af te laai, aangesien hierdie toepassing vir die stemming gebruik gaan word. Hiervoor gaan u ŉ slimfoon of tablet nodig hê. U kan die toepassing “Vevox” in die Google Play Store of Apple se i-Store aflaai en u eie profiel met u naam en van skep. Indien uu slimfoon/tablet se bedryfstelsel nie die Vevox-toepassing kan gebruik nie, kan dit via u foon se internetblaaier gebruik word by www.vevox.com

**5. Kleredrag**

Volgens sinodebesluit is die kleredrag by die Sinode ŉ netjiese pak klere met ŉ das. Gerieflike skoene word aanbeveel, aangesien die Voortrekkermonument bekend is vir sy steiltes en baie trappe.

**6. Laat-registrasies en personeelwisseling**

Enige laat-registrasies sal vir die res van die week by die ingang van die Senotaafsaal gedoen waar die Verlofkommissie ’n tafel sal hê.

’n Veilige reis word u toegebid.



**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van kerkadministrasie**